# Franciscus van Assisi: sy betekenis vir vandag!

R B van Aarde[1]

(Universiteit van Pretoria)

## ABSTRACT

### St. Francis of Assisi: his meaning for today

*St. Francis' views on religious life, as explained in a previous article in this journal, had its foundations in a well-founded theology of compassionate ministry. This origin of all compassion according to St. Francis is God himself. In this article St. Francis' significance for the church also in South Africa is discussed in detail. It is concluded that a well-balanced theology of service in many ways provide an answer.*

## 1 DIE KERKLIKE AGTERGROND VAN DIE 21STE EEU IN SUIDELIKE AFRIKA

Die kerklike agtergrond van die 13de eeu in Europa verskil heelwat van die kerklike agtergrond van die 21ste eeu in Suidelike Afrika sodat dit moeilik is om dit met mekaar te vergelyk. Dit is natuurlik omdat die middeleeuse mens en samelewing so radikaal verskil van die moderne mens en samelewing. Die bedoeling van hierdie opvolgartikel is egter nie om al die verskille te noem en te verduidelik nie. Dit gaan hier slegs om enkele lyne van ooreenkoms te trek wat wel vir die kerk van die 21ste eeu waardevol kan wees.

Suidelike Afrika staan tans aan die einde van 'n lang geskiedenis van **kolonialisme en apartheid** wat, soos die kruistogte van destyds, katastrofale gevolge gehad het. Daar is baie geskiedskrywers wat aanvaar dat die bedoeling hiervan ook, soos met die kruistogte, beter was as wat vandag algemeen aanvaar word. Kolonialisme, en selfs apartheid, is deur die voorstanders daarvan gesien as 'n sendinggeleentheid, 'n geleentheid om "donker" Afrika vir Christus te wen, inderdaad 'n soort "kruistog".

Ongelukkig het die militêre en dwingende aspek daarvan die goeie bedoelings ver oorskadu en het hierdie ingrype van die Christene, soos met die kruistogte, baie negatiewe gevolge oorgehou. Die kerk van Christus het ook hiermee, soos met die

---

1 Navorsingsgenoot, Department Kerkgeskiedenis en Kerkreg, Universiteit van Pretoria.

kruistogte, sy eie saak in Afrika eerder verswak as versterk. ‘n Algemene uitspraak van die vorige eeu wat vandag steeds naby die oppervlak lê, is dat die Europeërs met die een hand die Christelike godsdiens aan die mense van Afrika gebring het, maar met die ander hand hul grond en hulpbronne gevat het.

‘n Gepaste (Bybelse) reaksie op hierdie verlede sal inderdaad ‘n Teologie van Diens wees, waar die kerk die “gewelddadige” aanslag van vroeër probeer regstel met ‘n dienskneggestalte en selfs ‘n armoedekultuur, as dit moet. ‘n Teologie van Diens sal ‘n waardevolle rol kan speel om verkeerde persepsies oor die Christelike godsdiens reg te stel.

Die “kruistogte” van die 19de en 20ste eeu het die gemeenskappe van (Suidelike) Afrika in aanraking gebring met die **westerse vryemark-ekonomie en materialisme**. Dit het wel groot ekonomiese groei gebring, maar ongelukkig nie die vrede en stabiliteit wat in Europa destyds gekom het nie. Die verbeterde kommunikasietegnologie van die 21ste eeu stel die mense van Suidelike Afrika bloot aan die lewenswyse van die Weste, wat voorgehou word as die ideaal. Vanweë die groot agterstande op verskillende terreine, dikwels as ‘n direkte gevolg van kolonialisme en apartheid, kon slegs ‘n klein persentasie van die bevolking die westerse materialistiese lewenswyse bereik. Vir die massas is die vinniger en makliker manier om hierdie ideaal te bereik die weg van misdaad, geweld, nepotisme en korrupsie.

Saam met die verbrokkeling van die tradisionele kulture, het daar ‘n groot mate van politieke en ekonomiese onstabiliteit gegroei. Die nuutgestigte Afrika-Unie en ekonomiese inisiatiewe van Nepad, fokus juis op die oplossing van hierdie, en ander, probleme in (Suidelike) Afrika. Die Christendom kan hiertoe bydra deur ‘n hoër premie op armoede en ‘n eenvoudiger lewenswyse te plaas, teenoor ‘n allesoorheersende welvaartsideologie.

In der waarheid het die middeleeuse **arbeidsekonomie** nie veel anders gelyk as dié van die 21ste eeu nie. In die moderne samelewing is dieselfde gaping tussen ryk en arm as vroeër. Alhoewel mense ook vandag “vry” na stede kom om daar hul dienste te verkoop, word hulle gou vasgevang in ‘n moderne slawerny van plakker-armoede. Daar is ook vandag min *arm mense* wat as vrywilligers vir die kerk en ontwikkelingsprojekte wil optree. Waar

die kerk en sy lidmate 'n diens sonder betaling kan bied, sal dit 'n enorme boodskap van naasteliefde dra.

Aan die ander kant van die spektrum is die *rykes*, wat wel nog van tyd tot tyd diens lewer aan mense in nood, maar dit ongelukkig dikwels vanuit 'n **humanistiese** motief doen. Hier kom die aspek van eie verdienste ter sprake. Begrippe soos "volhoubare ontwikkeling", "MIV/Vigs" en "armoedeverligting" het ongelukkig in die 21ste eeu politieke betekenis gekry wat 'n verdere bymotief kan wees vir mense wat daarby betrokke raak. Franciscus se teologie van onvoorwaardelike liefdesdiens was 'n nodige regstelling op die humanisme van die 13de eeu (Neill 1964:116). Die kerklike diensknegsgestalte kan vandag steeds 'n voorbeeld van onvoorwaardelike liefdesdiens vir die wêreld wees.

Die eerste paragraaf sluit af met 'n terloopse verwysing na die "pouslike diplomasie" of **kerklike politiek** wat bepaald ingespeel het by die goedkeuring van die Orde van Franciscus. In die verpolitiseerde samelewing van die 21ste eeu moet die kerk nie net rekening hou met die kerklike gevolge van sy dienslewering nie, maar ook met die politieke gevolge daarvan. Franciscus het gepoog om nie by hierdie soort besluitneming betrokke te raak nie. Sy diensteologie was eenvoudig en op algehele armoede afgestem. Die soort armoede van die Franciskane het dit bykans onmoontlik gemaak om by die kerklike en staatkundige politiek van die dag betrokke te raak.

## 2 GELOOFSBELEWING VERSUS GELOOFSVERSTAAN

Dit is nie slegs enkele agtergrondlyne van die 13de eeu in Europa wat ooreenkomste toon met die 21ste eeu in Suidelike Afrika nie. Die twee hooflyne in die middeleeuse teologie, nl. die skolastiek en die mistiek, het ook hul vergelykende teologiese lyne in die nuwe millennium.

Die polariteit tussen kennis en belewing het sedert die stryd tussen die *skolastiek* (met sy klem op verstandskennis) en die *mistiek* (met sy piëtistiese klem op gevoel en ervaring) nog nooit werklik verdwyn nie. Sederdien het hierdie tweeslagtigheid in die Christelike geloof verskillende name gedra, maar in die 21ste eeu in Suidelike Afrika word dit waarskynlik die beste beskryf met die term "geloofsbelewing versus geloofsverstaan".

### 2.1 Geloofsverstaan en -belewing

Die gereformeerde tradisie van die vorige eeu in Suidelike Afrika is die een teologiese lyn wat die skolastiek van ouds weer tot sy volle konsekwensies ontwikkel het. Geloof moet met die verstand of rede verstaan en verklaar word! Vir simbole en ervaring was daar binne hierdie tradisie min ruimte. Geloofsbeoefening was formeel en volgens streng voorskrifte gereël. Daarom word baie hoofstroomkerke, ook die Afrikaanse susterskerke, dikwels van ongevoeligheid, formalisme en institusionalisme beskuldig. Groot klem is op die Bybel gelê en Woorduitleg is op 'n baie direktiewe en voorskriftelike manier gedoen. Die vier "solas", geloof alleen, genade alleen, die Woord alleen en God alleen, is die pilare waarop die gereformeerde tradisie in Suidelike Afrika gebou is. 'n Eensydige klem op hierdie **geloofsverstaan** kon maklik uitloop op 'n soort teoretiese geloof wat die praktyk van die samelewing verbygaan. Aan die ander kant bring die skolastiek, via die gereformeerde tradisie se klem op geloofsverstaan, 'n realisme in die geloof, wat uiters noodsaaklik is vir 'n diensteologie in die 21ste eeu.

Hierdie eensydige klem op geloofsverstaan bring ook die hermeneutiese proses van Skrifverklaring op die tafel. Bybelse waarhede wat nie met die verstand en die moderne wetenskap verklaar kan word nie, is nie meer aanvaarbaar en geloofwaardig nie. Miskien is die voorstanders van die sg. Jesus-seminaar die 21ste eeuse skolastici wat nie wil glo dit wat nie wetenskaplik bewys kan word nie. W F Dankbaar se beskrywing van die skolastiek geld ook vir baie moderne teoloë wat "het geloof in verband en zoveel mogelijk ook in overeenstemming wil brengen met het redelijk denken" (Dankbaar 1974:87).

In reaksie hierop lê die charismatiese en/of evangeliese tradisie swaar klem op die emosie en ervaring van die mens. As 'n teenreaksie op die formalistiese benadering van die gereformeerde tradisie, verkies die charismaties-evangeliese tradisie 'n vryer godsdiensbelewing. Die **geloofsbelewing** wat die mens sy verhouding met die Here laat ervaar word voorop gestel. Hierdie geloofsbelewing word op allerlei maniere gesoek en "aangehelp" waar ookal gelowiges saamkom. In die erediens word die belewenisse dikwels met truuks van die liturg aangebring, want as daar nie 'n belewenis was nie, was daar nie 'n erediens nie. Ongelukkig loop hierdie eensydige strewe uit op 'n soort

emosionaliteit wat min diepte het en telkens weer, oor en oor, beleef en ervaar moet word.

In Suidelike Afrika kan hierdie oorbeklemtoning van die emosionele belewing dikwels gesien word in die Afrika Onafhanklike Kerke en baie charismatiese kerkgroeperings. Die Afrika Onafhanklike Kerke vind aansluiting by die hoogs emosionele Afrika-kultuur. Geloofsbelewing vind voorts goeie grond in die geweldige armoede van baie gemeenskappe in die streek en hul noodwendige behoefte aan ontvlugting, al is dit dan slegs vir ‘n enkele uur of twee tydens ‘n erediens.

Die oorbeklemtoning van beide die *geloofsbelewing* en die *geloofsverstaan* trek die gelowige weg van sy medemens se nood. Die gereformeerde geloofsverstaan alleen, raak so vasgevang in sy soeke na die redelike godsdiens dat hy die nood van die wêreld nie kan raaksien nie. Die charismatiese geloofsbelewing alleen, raak weer so vasgevang in sy eie emosies dat ook hy nie meer die nood van die wêreld kan raaksien nie. ‘n Geloofsverstaan sonder menslike emosionele belewing ontwikkel eelte om die hart wat net nie meer geraak word deur die nood van mense nie. ‘n Geloofsbelewing sonder die realisme van die redelike, sweef met sy kop in die wolke, so ver bo die nood van die wêreld dat dit ook nie ‘n verskil kan maak nie.

‘n Oorbeklemtoning van beide die gereformeerde geloofsverstaan en charismaties-evangeliese geloofsbelewing ten koste van die ander een raak wêreldvreemd, net soos die skolastiek en die mistiek van die 13de eeu! Beide het in kloosters onttrek om te leer verstaan of om te beleef. In die middeleeue was die Franciskane die rigtinggewende uitsondering. Hulle het inderdaad by die natuur, mense, en selfs diere, in nood uitgekom (Seeberg 1966:90).

In die 21ste eeu sal daardie geloofsgemeenskap wat die geloofsbelewing *en* geloofsverstaan tot ‘n gebalanseerde eenheid saamvoeg, dieselfde bydrae as die Franciskane in die 13de eeu kan lewer. Uit sodanige gebalanseerde benadering sal ‘n ware teologie van diens kan ontwikkel.

## 2.2 ‘n Besondere balans

‘n Besondere balans tussen geloofsverstaan en -belewing wat die laaste paar jaar van die vorige eeu op Suider-Afrikaanse bodem ontwikkel het, is in die NG Kerk te vind. Met sy historiese wortels in

die gereformeerde tradisie van geloofsverstaan, is die kerk ook in sy teologiese ontwikkeling sterk beïnvloed deur ‘n meer piëtistiese geloofsbelewing vanuit die Skotse evangeliese tradisie. In 1822 kom enkele Skotse predikante, onder andere Andrew Murray (snr.), na Suid-Afrika om as predikante in die NG Kerk te dien. Hulle piëtistiese invloed kan nouliks in die teologiese ontwikkeling van die NG Kerk oorskat word.

Deur die jare het die teologie binne die NG Kerk inderdaad kenmerke van beide die gereformeerde geloofsverstaan en die evangeliese geloofsbelewing vertoon. Dit was veral in die laaste kwart van die vorige eeu en die begin van die 21ste eeu dat hierdie twee invloede toenemend tot ‘n unieke en besondere balans gegroei het. Gemeentelike dienswerk en eredienste in die (post)moderne samelewing van die 21ste eeu dra nie alleen die kenmerke van beide rigtings nie, maar toon ook toenemend die noodsaaklike balans van Woord en diens, kennis en emosie, verstaan en belewing.

In die NG Kerk van die 21ste eeu vul geloofsverstaan, met sy sterk klem op die rede, en geloofsbelewing, met sy sterk klem op die emosie, mekaar so goed aan dat ‘n *teologie van redelike diensbaarheid* of *diakonia* hieruit kan ontwikkel. In so ‘n *teologie van redelike diens* sal die lesse van die 13de eeu en die praktyk van die 21ste eeu mekaar kan vind.

## 3 ‘N TEOLOGIE VAN (REDELIKE) DIENS VIR DIE 21STE EEU

### 3.1 Is dit nodig?

Daar sou met reg gevra kon word waarom die geloofsgemeenskap van die 21ste eeu in Suidelike Afrika soveel klem plaas op diens. Diensbaarheid is tog nie in die vorige eeue totaal afgeskeep nie. Trouens, kerke soos die NG Kerk en die Roomse Katolieke Kerk het ‘n ryk geskiedenis van diakonale dienslewering aan mense in nood.

Dit is egter ook waar dat die gaping tussen ryk en arm in die eerste paar jaar van die 21ste eeu vergroot het. In die jong demokrasieë van Suidelike Afrika het die vryemarkstelsel nog nie tot ekonomiese groei vir alle mense ontwikkel nie. **Armoede** is wêreldwyd aan die toeneem en neem in Afrika katestrofale afmetings aan. Alhoewel baie redes vir die groeiende armoede gegee word, word baie min volhoubare oplossings deur regerings en ander samelewingsverbande aangebied. Ook die kerk het nie ‘n

kitsoplossing vir die probleem van armoede nie. Die kerk se enigste antwoord vir armoede is ‘n volgehoue teologie van (redelike) diens, wat eerstens die gevolge van armoede probeer verlig, maar ook by die oorsake daarvan moet uitkom.

Die **MIV/Vigs** pandemie is die ander groot samelewingskrisis wat die kerk oproep tot diensbaarheid. Dit word algemeen aanvaar dat Suider Afrika nog nie met die volle konsekwensies van hierdie siekte gekonfronteer is nie. Alhoewel al die regerings in Suider Afrika reeds vigsstrategieë in plek het, lyk dit nie of voorkomings- en versorgingsprogramme besonder suksesvol is nie. Alhoewel die virus op verskillende wyses versprei kan word, vind verreweg die grootste persentasie verspreiding deur seksuele oordrag plaas. Die kerklike antwoord hierop is natuurlik voorkomingsprogramme wat fokus op die Bybelse boodskap van kuisheid en seksuele moraliteit. Ongelukkig is daar reeds soveel wat geïnfekteer is, dat die kerk amper ‘n groter rol te vervul het in ‘n diens van fisiese versorging en sterwens-begeleiding. Weereens ‘n volgehoue teologie van (redelike) diens.

Die geskiedenis van die kerk se betrokkenheid by die samelewing het die afgelope twee eeue deur twee groot fases beweeg. Die 19de en begin van die 20ste eeu kan beskryf word as die tyd van groot sendingaktiwiteite. In hierdie tyd het sendingorganisasies, dikwels op voetspoor van koloniale magte, Afrika, die Amerikas en die Ooste betree om sendingwerk te doen. Die groot *missio Dei* is deur die kerk verstaan as die evangelisering van volke.

Na die tweede Wêreldoorlog, is kerklike werksaamhede na buite gekenmerk deur groot klem op sosiale geregtigheid. Dit was veral kolonialisme en apartheid wat die agendas van groot kerklike vergaderings oorheers het. Bevrydingsbewegings is deur die Wêreldraad van Kerke en ander internasionale kerkvergaderings ondersteun en allerlei aksies, soos sanksies, is bevorder. Die kerk het inderdaad ‘n groot aandeel in die afbreek van kolonialisme, apartheid, vroeëre slawerny, onderdrukking van die vrou, en ander sosiale euwels gehad. Hierdie betrokkenheid van die kerk het hom ook baie naby die politieke speelveld van die wêreld gebring. Daarom was politieke geregtigheid ook hoog op die kerklike agenda. In dié tyd is die groot *missio Dei* deur die kerk verstaan as die sosiale bevryding van mense en volke.

Teen die kerklike en samelewingsagtergrond van die 21ste eeu, kan met redelike sekerheid voorspel word dat die kerk se betrokkenheid by die samelewing in hierdie tyd op die eksistensiële nood van die mens sal fokus. Dit is hier, op die gebied van armoede en MIV/Vigs, waar die kerk die liefde van Christus aan ‘n wêreld in nood sal moet bedien. Die groot ***missio Dei*** sal in die 21ste eeu verstaan moet word as ‘n volhoubare (redelike) diensbaarheid aan die wêreld.

Sonder ‘n teologie van (redelike) diens sal die kerk inderdaad sy staanplek in die moderne gesekulariseerde samelewing van die 21ste eeu verloor. Hierdie wêreld sal gevolglik doof raak vir die kerk se boodskap van verlossing en hoop.

## 3.2 Die bron van diensbaarheid is God

Dit is nie vir die Christen moontlik om ‘n diensknegsgestalte aan te leer sonder ‘n persoonlike verhouding met die lewende God nie. Eers wanneer ons ook in die 21ste eeu, soos Franciscus in die 13de eeu, aangegryp word deur God se barmhartigheid in ons eie lewens, sal diensbaarheid daaruit voortvloei. Trouens, as lidmate nie binne die erediens gereeld gekonfronteer word met die eienskappe van God nie, sal hulle moeilik tot praktiese diensbaarheid aangespoor kan word. Wanneer mense die goedheid van God kan besing en ware liefde en wysheid, nederigheid en volharding, rus en vrede, vreugde en blydskap, geregtigheid en selfbeheersing, asook alle ander deugde van God kan ervaar, word hulle kanale waardeur hierdie dinge na die wêreld sal vloei.

Diensbaarheid lê nie in onsself of die kerklike strukture gesetel nie, maar kom van die Bron, God self. Daarom mag Christelike diensbaarheid, ook in die 21ste eeu, nooit verander in ‘n humanistiese jammerhartigheid nie.

## 3.3 Diens aan die drie-enige God en sy Kerk

Alle diens, ook diens aan mense, moet gerig word op die Here en sy Kerk. Die diensbaarheid van die moderne tyd sal ook gerig moet wees op die drie-enige God en sy Kerk. Alle Christelike dienswerk word in die naam van die Here gedoen en moet vooruit wys na die koms van hierdie Jesus. Die helpende hand wat uitgesteek word na iemand in nood, toon trekke van die komende Godsryk waar alle hartseer, armoede en siektes sal verdwyn.

‘n Teologie van (redelike) diens kan slegs gedra word deur lojale lidmate van die kerk van Christus. Dislojale dienswerkers kan nie verby hulself na die Here en sy Kerk wys nie, maar val vas in ‘n eiewaan van belangrikheid. Hierdie vereiste diskwalifiseer ongelukkig baie lidmate wat geen lojaliteit vir die kerk meer het nie.

### 3.4 Diens aan die mens

Diens aan die mens in nood is vandag die grootste behoefte, omdat die nood van mense so groot is. In sy bekende gebed stel Franciscus homself beskikbaar om gevorm en ‘n bruikbare instrument in die hande van die Here te word. Die moderne Christen sing dikwels oor dieselfde versugting, “doen slegs U wil Heer, U wil met my, ... U is die Pottebakker en ek is die klei”. Tog blyk dit nie of die Christen van die 21ste eeu die konsekwensies van hierdie bede besef nie. Vir Franciscus was die logiese konsekwensie daarvan ‘n bedelaarsbestaan. Wat sou die moderne reaksie wees indien daar ook van ons verwag word om afstand te doen van baie materiële besittings?

Franciscus se diensbaarheid het om meer as die materiële gegaan en die geestelike, emosionele en psigiese behoeftes van mense ingesluit (Walker 1959:234). Die (post)moderne mens is waarskynlik selfs meer kompleks as sy middeleeuse voorsate, wat groter klem plaas op ‘n holistiese benadering in die kerk se dienswerk. Inderdaad word die mens se hele eksistensie by hulpverlening betrek. Die “dieper” nood is dikwels die groter nood!

### 3.5 Bewondering en waardering vir die natuur

Sedert Franciscus se sedeleer wat alle geskape dinge insluit, het die kerk die natuur grootliks geïgnoreer. In die gereformeerde tradisie is die natuur bloot gesien as dit waaroor die mens aangestel is om te heers en te beheers. Dit is eers in die laaste helfte van hierdie eeu dat die kerk, saam met natuurkundiges, besef dat die aarde onherstelbaar beskadig kan word deur die ekonomiese aktiwiteite van die mens. Daarom word die kerk vandag nog dikwels deur omgewingskundiges en -aktiviste beskuldig van ‘n natuurlose godsdiens.

‘n Diensteologie in die 21ste eeu sal nie anders kan as om die natuur hoog op sy agenda te plaas nie. Diens beteken diens aan God, aan die medemens en aan die natuur. Christelike diensbaarheid is die liefdevolle intree van God in dit wat in nood geval en verval het.

Christelike diensbaarheid is herstel van dit wat tot die nood aanleiding gegee het. Omgewingsdiakonaat sal daarom holisties na die herstel van die omgewing moet kyk.

### 3.6 Diens as gehoorsaamheid

Alhoewel ons nie met die gedwonge armoedekultuur van die Franciskane kan saamstem nie, bly die onvoorwaardelike gehoorsaamheid wat daarmee saamgaan ook ‘n voorwaarde vir die diens van die kerk vandag. Hierdie onvoorwaardelike gehoorsaamheid moet verder gaan as net ‘n gehoorsaamheid in die kerklik gestruktureerde dienswerk. Elke gelowige wat diensbaar wil wees sal ook ongekwalifiseerd gehoorsaam moet wees.

Die term “*teologie van redelike diens*” wil juis die rede of verstand betrek by die diensknegsgestalte van die kerk en sy lidmaat. Ongelukkig bring die rede dikwels ‘n “beredeneerde” rasionalisme wat kringe om gehoorsaamheid redeneer. Hiervoor sal ‘n ware diensteologie versigtig moet wees.

### 3.7 Diens in nederigheid

Kolonialisme en apartheid wat dikwels op ‘n stuk rassisme gebou is, het ‘n groot mate van grootheidswaan tot gevolg. Die hoogsontwikkelde tegnologie en kultuur van die Weste is maklik bo die Swart kulture van Afrika gestel. Ongelukkig het hierdie grootheidswaan ook in die kerk ingesyfer. Soos die nederigheid van die Franciskane ‘n welkome alternatief op die kruistogte van destyds was, sal nederigheid ‘n noodsaaklike korrektief plaas op die kolonialisme en apartheid van die vorige eeu. Daarom is ‘n teologie van diens sonder nederigheid ondenkbaar!

### 3.8 Diens put uit die teologie van die kruis

Sonder Jesus Christus aan die kruis, sal diensbaarheid inderdaad niks anders as humanistiese hulp wees nie. Die kruisteologie is dit wat die kerk se diens soveel anders maak as die opheffingswerk van die wêreld. ‘n Teologie van diens is nie “teologie” as Jesus se soenverdienste aan die kruis nie ook daarin sentraal staan nie. Die uitdaging is om die lydende Jesus in die lyding van die 21ste eeu in te dra. In die boodskap van Jesus Christus, dié lydende Dienskneg, en in die voorbeeld van die kerk, ‘n lydende dienskneg, lê hoop vir die lydende wêreld. ‘n Teologie van (redelike) diens moet die Lydende Kneg aan ‘n lydende wêreld gee.

## 3.9 Diens het ‘n missionêre aspek

Baie kerke het hul missionêre werksaamhede en hul diens van barmhartigheid van mekaar geskei. Alhoewel dié twee werksaamhede wel te onderskei is, kan dit nooit totaal geskei word nie. In die jongste verlede is hierdie fout van die verlede besef en kom die aspek van *missionêre diakonaat* weer hoog op die agenda van baie kerke. Woord en brood is immers die volle omvang van die kerk se betrokkenheid by die wêreld en die een kan nie sonder die ander bedien word nie.

## 3.10 Diens vra en stimuleer ‘n persoonlike verhouding met God

Om ‘n bruikbare instrument in die hand van die Here te wees vra ‘n persoonlike verhouding van liefde tussen die mens en God. Diens, in al sy fasette, kan nie gelewer word as daar nie ‘n intieme persoonlike verhouding is nie. Dié mens wat persoonlik aangegryp is deur die barmhartigheid van die goeie God, kan hierdie barmhartigheid weer verder dra na ander.

Voorts moet daar ook groei in hierdie verhouding wees. Franciscus se verhouding het sodanig verdiep dat hy, volgens oorlewering inderdaad die *stigmata* van die lydende Jesus aan sy eie liggaam vertoon. Die aksie van dienslewering as sodanig dra natuurlik ook by tot groei in ons persoonlike geloofsbelewing.

## 3.11 Diens met vreugde

Mense in nood het gewoonlik groot behoefte aan vreugde en blymoedigheid. Die nood van die 21ste eeu dra swaar aan misdaad, geweld en hartseer. Daarom is dit belangrik dat die Christen dienskneg van die 21ste eeu sy/haar dienswerk vol vreugde en blydskap sal doen. Hierdie gesindheid alleen maak dikwels die las van die noodlydende ligter en meer draaglik. Die geestelike en psigologiese waarde van vreugde, humor en blydskap kan kwalik oorbeklemtoon word.

# 4 SLOTOPMERKINGS

Franciscus van Assisi se teologie was nie ‘n fyn uitgewerkte sedeleer soos die van baie ander kerkvaders nie. Trouens, hy het dit in ‘n mate teen te veel boekekennis gehad. Sy teologiese oortuigings het eerder op ‘n spontane wyse in sy persoonlike lewe vorm aangeneem en gegroei. Daarom kan sy teologie ook moeilik nagevors word. Wanneer sy lewensgeskiedenis, brokkies van sy geskrifte, en veral sy opgetekende gebede bestudeer word, kan daar tog met reg gepraat

word van 'n *teologie van diens* wat ontwikkel het. Hierdie teologie van diens het op verskeie punte belangrike korreksies aangebring op die gangbare teologie van sy tyd.

Die kerk van die 21ste eeu moet sy staanplek in 'n (post)moderne wêreld verdien. Dit kan alleen gedoen word deur 'n teologie van diensbaarheid. Hierin kan Franciscus se teologie vir ons belangrike lesse leer en selfs die gangbare teologiese standpunte van die dag ook op sekere punte korrigeer. Miskien moet ons in die 21ste eeu eerder verwys na 'n teologie van redelike diens, omdat die rede en emosie, geloofsverstaan en geloofsbelewing, juis in hierdie teologie saamgevoeg moet word tot 'n ononderskeibare eenheid. Dienswerk onder mense in nood kan so maklik net op die emosionele vlak lê, dat die korreksie van 'n "redelike" diens tog nodig blyk te wees. Dienswerk in die 21ste eeu moet juis baie logies, met die verstand en wetenskaplik gedoen word.

'n *Teologie van redelike diens* kan die kerk help om die lewende God in die gestalte van die Lydende Kneg aan 'n lydende wêreld te verkondig, en so hoop aan 'n hooplose wêreld te bring.

## Literatuurverwysings


Appleton, G 1991. *The Oxford Book of Prayer*. Oxford: Oxford University Press.

Dankbaar, W F 1974. *Kerkgeschiedenis.* Groningen: Wolters-Noordhoff.

Du Toit, PR (ea) 2002. *Moeisame pad na vernuwing*. Bloemfontein: Barnabas.

Jafta, L D 1998. A comparative study of two Ecclesiologies: The Coptic and the African Initiated Churches. *Studia Historiae Ecclesiasticae,* 24(1), 37-65.

Latourette, K S 1964. *A History of Christianity*. London: Eyre & Spottiswoode Ltd.

Neill, S 1964. *A History of Christian Missions.* Middlesex: Penguin Books.

Pillay, G J & Hofmeyr, J W (red.) 1991. *Perspectives on Church History.* Pretoria: HAUM Tertiary.

Schulze, L F 1978. *Geloof deur die eeue*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Seeberg, R 1966. *Textbook of the History of Doctrines.* Michigan: Baker Book House.

Walker, W 1959. *A History of the Christian Church.* Edinburgh: T & T Clark.